# ONS DOOI STAATSGEBOUE.

## Geen Afrikaanse Gees nie.

## REGERING STERK GEKRITISEER.

Mnr. Gerard Moerdyk, die bekende boumeester alhier, het vanmore in 'n onderhoud met 'n "Volkstem"-man verklaar dat die Departement van Openbare Werke, wat uitstekende geleentheid het om kunswerke te lewer en die Afrikaanse argitektuur te bevorder, sy kanse verwaarloos. Hy kla ook oor vermorsing van geld aan staatsgeboue omdat dit deur die Dept. opgetrek en geskikte Suid Afrikaanse klip glad nie of verkeerd gebruik word.

Mnr. Moerdyk het verklaar dat, volgens 'n koerantberig, vanjaar £11 miljoen uitgegee sal word aan openbare werke, waarvan £3 miljoen aan besproeiïng. £8 miljoen word dus bestee aan ander openbare werke. Dis tyd dat, waar soveel uitgegee word aan staatsgeboue ,ons nie meer geboue kry soos die nuwe Museum, die nuwe Staatsdrukkery en die bygebou van die Poskantoor, wat 'n totale gemis aan kunssin aan die dag lê nie.

Die argitektuur is die moeder van die kunste; houtsnywerk, beeldhouery, en skilderkuns vloei daaruit voort. Ons wil graag 'n eie Afrikaanse boukuns skep; die grootste geleentheid daartoe is die groot openbare geboue, wat die karakter en aspirasies van die volk kan vertolk. In sulke geboue is b.v. geleentheid vir die houtsnyer, beeldhouer en skilder.

In ons land is geen ryk enkeling nie. Daar is 'n paar woonhuise waar 'n argitek hom kon laat gaan, maar selfs by kerke is daar nie genoeg geld nie. Al groot geleentheid tot kunswerk lê by die Departement van Openbare Werke.

### GEEN AFRIKAANSE GEES NIE.

Maar die staatsgeboue is vir die grootste deel ontwerp deur 'n Departement waarin geen Afrikaanse gees heers nie; ons gees en aspirasies ontbreek dus in sy werk. Ons kuns en kultuur word nie 'n enkele skrede bevorder deur die Departement nie.

Nêrens ter wêreld word al die werk oorgelaat aan 'n departement nie. In Frankryk en Amerika doen partikuliere boumeesters dit en ook in Engeland, in sekere mate. Bygevolg sien mens in die verarmde Europa 'n moderne argitektuur. Maar ons Departement het nog nie gehoor dat Koningin Victoria dood is nie.

Mnr. Moerdyk het 'n afbeelding gesien van die voorgéwel van 'n nuwe staatsgebou van £155,000 wat opgetrek sal word in Vermeulenstraat naas die bygebou van die Poskantoor. Die ontwerp is kinderagtig; daar steek geen gevoel of verhouding in nie, dis geen kuns nie, afgesien nog van die algehele gemis aan 'n Afrikaanse gees.

So'n ontwerp word goedgekeur nadat die argitekte 15 jaar gehoop het op verandering. Telkens het hulle die Minister van Openbare Werke genader, wat geen blyk van belangstelling vir die Afrikaanse kultuur gegee het nie. Met die nuwe Minister was daar weer 'n teleurstelling. Waarom is die portefeulje van Openbare Werke aldeur 'n aanhangsel van Posterye en Telegrafie? Waarom word dit nie ingedeel by Besproeiïng, b.v., en iemand benoem wat 'n oog vir kulturele belang het nie?

### NIE DIE MINSTE KANS NIE.

Afgitekte word dikwels verwyt dat daar taamlike vooruitgang is van die letterkunde e.d.m., maar nie van die argitektuur nie. Die antwoord lê voor die hand; dis aan die Dept. van Openbare Werke te wyte. Die argitekte wat wel 'n oog het vir 'n Afrikaanse boukuns, het nie die minste kans nie.

Afgesien nog van die kunsgehalte, word deur die Dept. die geldelike sy nie in aanmerking geneem nie. Dis bekend dat departementele bou baie duurder is as partikuliere bou. Die Dept. het geen konkurent nie, waaronder sy doeltreffendheid ly. Die land kry nie waarde vir sy geld nie.

Die nuwe Museum noem mnr. M. as voorbeeld. Die argitekt het die gebou net van voor gesien; van die ander kante gesien is dit niks nie. Dis ook die geval met baie skole. Die ontwerpers sien die werk nie as geheel, as konsepsie nie. Hulle bou gewels en nie geboue nie. Daar is geen intimiteit tussen ontwerper en ontwerp nie; dis 'n masjinale proses. Die werk gaan deur soveel hande dat die ontwerper nie weet wat hy maak nie.

'n Skool vir Ermelo is netsoos een vir Rustenburg, sê mnr. M. Daar word nie in aanmerking geneem dat mens op die een plek in die winter bibber van die koue en dat op die ander in die winter mens se tong op die derde knoopsgat hang nie. Daarom het ons te Rustenburg 'n skool met skoorstene wat hom die aansig van 'n fabriek gee.

### ONS KLIP.

Mnr. M. kla oor oor die keuse en gebruik van materiaal deur die Dept. Die klip van die Uniegebou verweer, sogenaamd omdat Afrikaanse klip sleg is. Dit word gesê deur mense wat niks van ons klip weet nie. Mens moet die regte klip soek—dis te krye, maar nie op kantoor nie. Die departement sit heel jaar op die kantoor en hoef nie eers na Turkstra te gaan om koffie te kry nie. Mnr. Moerdyk soek sy klip en bygevolg het van hom nog nooit verweer nie.

Van allerhande soorte is goeie te kry. Mnr. M. glo nie dat elders sulke mooi graniet is as in die Unie nie. Maar Oom Paul se standbeeld word op graniet gesit wat van Aberdeen gehaal is. Die geval is net soiets as van Hollandse huisvrouens wat na Suid-Afrika emigreer en 'n klip vir suurkool saambring.

So werk 'n departement wat aan die gang gehou word deur belastingbetalers (argitekte inkluis, wat nie mag meeding nie en van hul werk beroof word). Op herhaalde klagtes by die Minister is nie ingegaan nie; dis nou tyd dat 'n kommissie ondersoek doen. Mnr. M. doen aan die hand dat 'n liggaam ontwerpe vir staatsgeboue moet keur, maar dat die skeppende werk gedoen moet word deur partikuliere boumeesters. Vyftig van die beste argitekte kan b.v. uitgesoek word om die ontwerpe te maak; van die uitgesoekte boumeesters kan daar 'n lys wees, nes van K.C.'s onder die advokate. 'n Gevolg sou wees dat boumeesters ateljees daarop na hou, nes in Frankryk b.v., en daar jong manne oplei. Daartoe sal hulle geleentheid hê, omdat dan hulle kan reken op voldoende werk.